

BELEID

VERLOF

VERLOF BELEID

1. VERLOF VOORDELE

- 1.1 Die toestaan van verlof is onderhewig aan die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, asook volgens die spesifieke bepalings van die Standaard Diensvoorwaarde Ooreenkoms , soos aangekondig op 13 Mei 1994 in die Staatskoerant no. 5329.Verlofvoordele word aan werknemers toegeken binne die bepalings soos vermeld tot en met so 'n tyd dat 'n ander stel diensvoorwaardes op nasionalevlak beding en aangekondig word. Siekteverlof sal binne die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Standaard Diensvoorwaardes asook die amptelike siekteverlof siklus van die Munisipaliteit hanteer word.
- 1.2 Alle werknemers sal hul jaarlikse verlof toegestaan word tensy werksomstandighede hierdie reëeling onprakties maak.
- 1.3 Spesiale verlof met volle betaling sal aan werknemers toegestaan word vir doeleindes van eksamenafliegging in die gevalle waar die kursus vooraf erken en goedgekeur is deur die Organisasie. Alle versoek vir spesiale verlof sal vooraf aan die Municipale Bestuurder vir goedkeuring voorgelê word.

2. SPESIFIEKE VAKANSIEVERLOF BEPALINGS

- 2.1 Vakansieverlof beloop 38 aaneenlopende dae per jaar vir binne personeel wat dan ook verplig is om 3 weke aaneenlopende verlof per jaar te neem. Buite personeel is geregtig op 15 werksdae verlof per jaar. 'n Maksimum van 10 werksdae verlof mag jaarliks opgehoop word deur personeel.

Elke werknemer reël vooraf met die bestuurder vir sy / haar jaarlikse verlof vir goedkeuring.

Die dag voor Kersfees en die dag na Nuwejaar word ook verlof geneem by die Municipaaliteit en word die kantore vir daardie doel gesluit.

- 2.2 Alle aansoeke om verlof word gerig op die voorgeskrewe vorm en by nie nakoming van die voorwaarde kan dit beskou word as ongemagtigde afwesigheid met gevolglike verbeuring van voordele. Uitsonderings op die reël sal volgens die meriete van elke aansoek / situasie hanteer word.
- 2.3 Verlofrekords word behoorlik bygehou van elke werknemer vir naslaan en oudit doeleinades.
- 2.4 Die huidige praktyk van verlof krediet uitbetaling geld steeds, d.w.s. uitbetaling geskied teen die werknemer se basiese salaris soos op datum van uitbetaling.
- 2.5 Wanneer 'n persoon ongeskik verklaar word om sy normale funksies te verrig, staak verlofvoordele op die datum waarop hy / sy ongeskik verklaar word met die gevolglike diensbeëindiging.
- 2.6 By diensbeëindiging van die werknemer, om welke rede ookal, sal die Municipaaliteit 'n verlof betaling ten opsigte van alle opgehoorte verlof tot krediet van die werknemer en wat voldoen aan die bepalings van die verlof-beleid, asook 'n pro-rata gedeelte van die jaarlikse verlof ten opsigte van elke voltooide maand van dienslewering in die verlof-jaar waarin die werknemer se diens beëindig word, maak.

- 2.7 In gevalle waar gewone verlof geweier word, sal die verlof oorgedra word, en 'n alternatiewe verlof datum met die werknemer onderhandel word of die bepaalde verlof krediet op sy rekord aangeteken word. Indien 'n werknemer dit sou verlang kan verlof vir kontant omgeruil word met dien verstande dat 'n gelyke hoeveelheid dae verlof geneem word en dat daar steeds 10 dae verlof krediet moet wees na sodanige transaksie. Normale belasting sal ook op die kontantbetaling aftrekbaar wees en omruiling sal slegs geskied binne die finansiële vermoë van die Munisipaliteit.
- 2.8 Wanneer 'n werknemer sou sterf, die Munisipaliteit se diens verlaat met aftrede, op kennisgewing van diensbeëindiging deur of aan die Munisipaliteit en die gevolglike uitbetaling van salarisvoordele, sal alle verlof verskuldig aan hom / haar tot die datum van diensbeëindiging, aan die werknemer in kontant uitbetaal word.
- 2.9 In die geval waar 'n werknemer vrywillig bedank sal alle vakansieverlof krediete aan hom / haar uitbetaal word.
- 2.10 Alle betalings van verlofkrediete sal bereken word op die basiese salaris gedurende die werknemer se dienstyd soos op sy / haar laaste werksdag van toepassing sou wees.

3. SIEKTEVERLOF

- 3.1 Elke werknemer is geregtig om 120 dae siekte verlof binne 'n siklus van 3 jaar vir binne personeel waarmee die siklus begin op datum van diensaanvaarding. Buite personeel is geregtig op 30 dae siek verlof met 'n 3 jaar siklus beginnende op datum van diensaanvaarding.

Hierdie siekverlof word toegeken met volle betaling. 'n Verdere 30 dae sal toegeken word in gevalle waar die eerste toekenning uitgeput is, maar slegs nadat die werknemer se vakansieverlof uitgeput is vir dié doel. Die ekstra siekverlof geskied met die betaling van 50 % van die maandelikse salaris. Indien hierdie verlof uitgeput is sal 'n verdere 120 dae onbetaalde siekverlof aan die werknemer toegestaan word.

- 3.2 Alle beserings aan diens sal beskou word as siekterverlof met volle betaling. In die gevalle waar die vergoedings kommissaris 'n betaling maak vir verlies aan salaris sal dit nie beskou word as siekterverlof uitbetaling nie.
- 3.3 'n Mediese sertifikaat word vereis vir afwesigheid van twee dae en meer. Die Munisipaliteit kan egter binne sy diskressie 'n mediese sertifikaat uitgereik deur 'n mediese praktisyn vereis vir een dag afwesigheid. Alle mediese sertifikate moet deur 'n geregistreerde mediese praktisyn (dokter) uitgereik word. Indien die Munisipaliteit dit verlang kan 'n tweede opinie van 'n ander geneesheer aangevra word en wel op die koste van die Munisipaliteit.

4. BEVALLINGSVERLOF

'n Vroulike werknemer is geregtig op vier maande opeenvolgende bevallingsverlof met 33 % betaling deur die Raad vir die eerste drie maande plus die bepaalde bevallingsverlofvoordele soos betaal deur die Departement Arbeid ingevolle Die Wet op Basiese Diensvoorraades met die bepaling dat die vergoeding en bevallingsvoordeel nie die oorspronklike vergoeding van die werknemer sal oorskry nie. Tenminste vier weke verlof sal voor bevalling en agt weke na bevalling wees of andersins soos deur 'n mediese praktisyn voorgeskryf. In gevalle van 'n miskraam gedurende die laaste drie maande van 'n werknemer se swangerskap, sal sy geregtig wees op ses weke verlof op dieselfde voorwaardes as bevallingsverlof.

'n Kwalifiserende dienstydperk van 12 kalendermaande ononderbroke diens by die Munisipaliteit moet voltooi wees alvorens die voordeel van bevallingsverlof benut mag word. Die werknemer moet in 'n permanente hoedanigheid op die diensstaat van die Munisipaliteit aangestel wees.

Bevallingsverlof word hoogstens vir twee bevallings van 'n vroulike werknemer se totale loopbaan binne die Munisipaliteit toegestaan.

5. GESINSVERANTWOORDELIKHEID

Elke werknemer is geregtig op drie dae betaalde verlof gedurende 'n bepaalde jaar vir doeleinades van die volgende :

- 5.1 Tydens die geboorte van die manlike werknemer se kind
- 5.2 Tydens siekte van die werknemer se kind / gade
- 5.3 In die geval van dood van die werknemer se kind, gade, aangenome ouers, ouers, grootouers, broer, suster, kleinkind of aangenome kind

6. LANGDIENS ERKENNING

Erkenning vir langdiens sal aan werknemers binne die erkenningsmaand betaal word. In die gevalle van 10 / 20 / 30 / 40 jaar diens sal die erkenning soos volg bereken word :

- 6.1 Die 10 jaar dienserkenning sal 1 maand se normale salaris minus inkomstebelasting beloop of 'n addisionele 10 dae vakansieverlof.
- 6.2 Die 20 jaar dienserkenning beloop 2 maande se normale salaris minus inkomstebelasting of 'n addisionele 20 dae vakansieverlof.

6.3 Die Raad van die Munisipaliteit sal jaarliks besluit oor die 30 en 40 jaar dienserkennings.

6.4 'n Dienssertifikaat wat die erkenning aandui sal ook aan die betrokke werknemer uitgereik word.

7. WYSIGINGS

Die Munisipaliteit behou hom die reg voor om bepalings van hierdie beleid te wysig, op te skort of uit te brei en onderneem om tydens die proses met die werknemers te konsulteer.